# Hillcrest High School

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## NOVEMBER 2017

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

**GRAAD 11** **TYD : 2 UUR**

**VRAESTEL 3** **PUNTE : 100**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 6 BLADSYE**
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A : OPSTEL [50]

   AFDELING B : Langer transaksionele teks [30]

   AFDELING C : Korter teks : Naslaan, Informatiewe en Transaksionele tekste [20]

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Doen dit in potlood. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

6. Beplan jou tyd so:-

   AFDELING A : [60 minute]
   AFDELING B : [40 minute]
   AFDELING C : [20 minute]

7. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.

8. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.

9. **LET WEL**:
   Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

10. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Vul jou buiteblad volledig in.

**AFDELING A : OPSTEL**

Kies 1 van die volgende onderwerpe en skryf dan 'n opstel van 200 – 250 woorde daaroor.

Doen eers beplanning op 'n skoon bladsy.

1. **Die dag toe my lewe verander het.**

2. **Ek is gelukkigste wanneer ek .........**

3. **'n Snaakse storie .......**


4. **My droom vakansie bestemming.**

Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.
Gee jou skryfstuk 'n titel.
Jou opstel moet direk by die prent aansluit.

5.1



5.2



Blaai om asseblief

5.3



[Verwerk uit: www.google.com]

5.4



[Uit: Huisgenoot, 19 Desember 2013]

**TOTAAL AFDELING A : 50**

Blaai om asseblief

**AFDELING B : LANGER TRANSAKSIONELE SKRYFSTUK**

Kies een van die volgende onderwerpe en skryf dan 120 – 150 woorde daaroor.
Onthou jou beplanning op 'n skoon bladsy.
Skryf die aantal woorde neer wat jou skryfstuk beslaan.

1. **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy was onlangs in die wildtuin. Daar het jy iets ongeloofliks gesien/beleef. Skryf aan 'n vriend/vriendin en vertel vir hom/haar daarvan.
Onthou die formaat van 'n vriendskaplike brief.



2. **DIALOOG**

Jy en 'n vriend/vriendin gesels op Facebook met mekaar. Julle gesprek gaan oor die aanstelling van een van die nuwe prefekte, Chris, wat die afgelope jaar in graad 11 baie verander het. Was die verandering goed of sleg? Hoe voel julle twee oor die aanstelling? Bespreek dit op Facebook. Onthou die formaat van 'n dialoog.

3. **HULDEBLYK**

Jou oupa/ouma is onlangs oorlede. Jy moet 'n huldeblyk tydens 'n familiebyeenkoms oor hom/haar lewer.

Skryf die HULDEBLYK neer.

Totaal Afdeling B : 30

## AFDELING C : KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **PLAKKAAT**

Jy het besluit om Afrikaans-ekstraklasse vir graad 8-leerders aan te bied.

Maak 'n PLAKKAAT waarop alle nodige inligting verskyn om hierdie klasse te adverteer.

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE.

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het 'n afspraak met die dokter oor jou gesondheid (health).

Maak DAGBOEKINSKRYWINGS vir TWEE dae soos volg:

- Jou gevoelens die dag voor die afspraak.
- Jou gevoelens na die afspraak.

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou maat het 'n swak verhouding met sy/haar ouers en is ongelukkig daaroor.

Skryf SEWE INSTRUKSIES neer oor hoe jou maat 'n beter verhouding met sy/haar ouers kan hê.

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**